## Hoe dink jy oor God?

## Die Eerste gebod van die Tien Gebooie! **Donderdag 12 Augustus 2021**

**<u>Ex 20:3</u>**

**"Jy mag naas My geen ander gode hê nie."**

Hierdie woorde van die eerste gebod is baie belangrik! **HOEKOM!** Want dit toon onder andere aan hoe jy van God dink.

- Dink jy klein van God of dink jy groot van God?
- Is God vir jou Almagtig en Groot en Wys?
- Of dink jy sommer klein en aards van God?

Hoe jy oor God dink sal ook bepaal hoe jy oor die Tien Gebooie dink en hoe jy dit wil nakom. Juis met die inleiding van die Tien Gebooie of die Wet van God lees ons die volgende in **<u>Ex 20:2</u>**
**"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het."**
Moses het o.l.v. en in opdrag van God die volk Israel, sonder 'n geveg uit die magtige Egipte gelei. Egipte kon Israel maklik almal net daar om die lewe gebring het, maar God het hulle bewaar. Dink maar hoe het God die waters van die Rooisee oopgekloof, sodat Israel droogvoets daardeur kon stap en hoe die Egiptiese strydwaens met hulle perde en ruiters en die Farao onder die waters verdwyn het. Net 'n Almagtige God kan dit doen.

Hierdie enige God het die Tien gebooie aan Israel gegee om na te kom. Kom ons lees…

**<u>Deut 5:1-5</u>**

**1** "Moses het die hele volk bymekaargeroep en vir hulle gesê: "Israeliete, luister na die voorskrifte en die bepalings wat ek vandag hier in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer, dit gehoorsaam en daarvolgens lewe.
2 Die Here ons God het by Horeb 'n verbond met ons gesluit.
3 Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe.
4 Ja, met julle persoonlik het die Here op die berg uit die vuur uit gepraat.
5 Ek het destyds tussen die Here en julle gestaan om die gebod van die Here aan julle deur te gee, want julle was bang vir die vuur en julle het nie teen die berg uitgeklim nie."

"Die tien gebooie moet dus nie deur die mens onderhou word om op die wyse sy saligheid by God te verdien nie; inteendeel, omdat God die saligheid in en deur Jesus Christus uit vrye genade aan sy kinders skenk, moet hulle hulle dankbaarhied daarvoor aan Hom toon deur die gebooie te onderhou." *(De Bruyn PJ 2000:15)* En wie die Tien Gebooie met hierdie gesindheid gehoorsaam, sal ook verstaan wat Johannes bedoel as hy sê: **<u>1 Joh 5:3</u>**

**"Sy gebooie is nie moeilik om te gehoorsaam nie."**

**God is die enigste Ware God.** So openbaar God Homself in die Skrif.

**<u>Ps 18:31,32</u>** "Wat God doen is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy. Waarlik wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as God is 'n rots?"

**<u>Deut 6:4</u>** "Luister Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here."

**Jes 40:25,28**  "Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek?  Vra die Heilige.
Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie?  Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde."

**Jes 46:9b,10**  "Ek is God, daar is geen ander nie;
Ek is God, daar is niemand soos Ek nie.
**10)** Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie.  Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek."

**Ef 4:5,6**  **5** "Daar is net één Here, één geloof, één doop,  **6** één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon."

- God se Persoon en Sy dade oorskadu jou omstandighede.
- God géé nie antwoorde nie.
- **God IS die antwoord.**
- "U groot dade Here, het my baie bly gemak, ek wil juig oor wat U gedoen het. Groot is alles wat U doen, Here, ondeurgrondelik U gedagtes."  **Ps 92:5,6**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde  Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:  gskruger1@gmail.com***

**Bron**   **De Bruyn PJ**  **2008**  Die tien gebooie.